U is die Christus

Teks: Mattheus 16: 13 - 21 en Sondag 12
Teksvers: Mattheus 16:16

1. Inleiding

Vanoggend in die leerdiens staan ons stil by die tweede aspek van die tweede persoon in die drie-eenheid. En hierdie aspek is so belangrik dat dit generasie daarna, ja selfs tot vandag toe die aard en wese van die kerk vorm. Kom ek verduidelik. In ons kerkgebou is nie baie uitbeeldings van enige iets nie. Ja ook hier in ons kerkgebou sal jy nie beelde, skilderye of selfs bybelversies teen mure en op objekte sien nie. Maar as u vanoggend mooi na hierdie preekstoel hier voor my kyk sal u 'n teksvers uit ons skrifgedeelte sien.

Dit is natuurlik die bekende vers 18 in die kerkseël wat uitgebeeld word op die preekstoel hiervoor my. Maar die vraag is natuurlik wat is hierdie rots wat die poorte van die doderyk nie sal oorweldig nie. En dit is die tema van ons prediking vandag. En dit sluit aan by sondag 11 wat ons laasweek behandel het. Beide sondag 11 en sondag 12 gaan oor die name waarmee ons na die Seun van die Mens die tweede persoon van die drie-eenheid verwys.

Want hierdie name is eintlik soveel meer as 'n blote identifikasie vorm. In lyn met antieke oortuigings openbaar hierdie name meer van die wese van die persoon wat aangespreek word. Ons weet die hierdie name die amp en roeping van die Seun van die mens openbaar. Daarom wanneer ons praat van Jesus Christus as ons Here, bely ons eintlik presies wie die Seun van die mens is en wat Hy kom doen het. Die "wat hy kom doen het" was laas Sondag se onderwerp in die woord Jesus wat Verlosser beteken. Maar uiteindelik is dit die wie Hy is wat Hom in staat stel om te doen wat Hy gedoen het.

Maar wie is die Seun van die mens dan? Wel dit is presies wat Jesus ook aan Sy dissipels vra in vers 13.

2. Wie word gesalf?

Petrus bely die tweede aspek van Jesus in sy antwoord namens die res van die dissipels en wat hy bely is "U is die Christus". Christus wat gesalfde beteken. Maar wat beteken dit om 'n gesalfde te wees. Om dit te verstaan moet ons bietjie terug kyk na die Ou Testament.

Wanneer ons na 1 Samuel en 1 Konings kyk sien ons dit is die manier waarop konings aangestel is in Israel. Dit lyn dan ook op met wat volg in ons teksvers: "Seun van die lewende God". Want koningskap is gewoonlik iets oorerflik tussen pa en seun. Dit is ook wat in die antwoord op vraag 31 bely word, dat Christus gesalf is as die Koning bo konings.

Die tweede amp wat salwing behels is die profeet amp. Ons sien dit byvoorbeeld wanneer Elia vir Elisa as profeet moet salf in 1 Konings 19: 16. Ons sien iets van hierdie waarheid ook deurskemer in die antwoorde wat die mense gee op die vraag wie die Seun van die mens is? Volgens die dissipels glo die mense dat Jesus 'n herverskyning van een van die Ou groot profete uit die Ou Testament is in vers 14.

Duidelik was dit geen geringe saak om 'n gesalfde van die Here te wees nie. Want dit het beteken dat die Heilig Gees op 'n besonder wyse in so 'n persoon werk. Hierdie werk is die openbaring van die wil van die Here aan die mense. En in verband hiermee weet ons dat Jesus soveel meer as maar bloot 'n leermeester van die tyd was. Omdat Hy deel van die ware drie-enige God is, is ook die Heilige Gees volledig teenwoordig in Hom. Daarom wanneer ons na gesalf uit die hoek van die Heilige Gees kyk is daar niemand wat gesalf was soos Christus nie.

3. Geskikte hoedanigheid

Dit is juis hierdie uniekheid van Christus se salwing wat alles kom verander. Die idee van 'n Messians is eg Ou Testamenties. Ons weet dat in die evangelies gereeld verwys word na hierdie Ou Testamentiese verwagting. Messias in Hebreeus beteken immers niks anders as gesalfde nie. En op 'n manier het almal in die Ou Testament geweet dat hulle eie salwing op iets beter, iets groter dui. Dat daar iemand beter op pad was.

Ons sien dit in die besonder in Hoëpriester wat ook gesalf is tot sy amp. En ons weet dat die aardse Hoëpriesters mekaar op gevolg het. Duidelik was hulle maar net 'n teken van wat sou kom. Tog het die hoëpriester een maal per jaar in die Allerheiligste ingegaan om

versoening te doen. En ons weet dat met Christus se kruisiging het die gordyn voor die allerheiligste van bo tot onder middeldeur geskeer. Hy is die volmaakte hoëpriester wat volmaak versoening kom doen het vir ons sondes.

Dit is wat die term gesalfde van die Here beteken. En Christus kom vervul hierdie hoedanigheid in die volheid daarvan. Daarom word daar nie weer ’n hoëpriester na Christus gesalf nie. Wanneer Petrus hierdie belydenis oor Christus maak besef hy waarskynlik nie eers wat Hy eintlik sê nie. Of nee wag hy besef beslis nie wat die Vader in die hemel aan hom openbaar nie. Want net na ons teksgedeelte wil Petrus keer dat Christus sterf. Dat Christus hierdie offer waarvoor net Hy geskik is nie bring nie.

4. Bestaansrede van die kerk

Laastens kan ons vra hoekom dit dan so belangrik is vir die kerk. As ons mooi na ons teksgedeelte kyk kom hierdie belangrikheid eintlik nie van onsself af nie. Jesus sê in vers 18 die bekende: “Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” Vandaar ook die idee dat die kerk dit as belangrik beskou. Kom ons verduidelik

Dit is natuurlik nie Petrus as persoon wat die rots word, waarop die kerk gebou word nie. Dit kanselleer vers 23 eintlik alreeds uit. Nee, dit is die woorde wat die Vader in die hemel deur middel van die werking van die Heilige Gees aan hom openbaar. En dan spesifiek die aksie van die uitspreek van hierdie woorde. Die openbaring daarvan aan ander mense.

Dit is primêr ook ons definisie van kerk. ’n Groep mense waarin die Heilige Gees die waarheid dat Jesus die Christus, die enigste verlosser is werk. Wat die met die mond bely en met die daad uitleef. En daarom net soos ons die kerk, in Sondag 11 moet waak teen die aanhang van ’n ander verlosser. Moet die kerk ook waak teen enige ander Hoëpriester of gesalfde van die Here.

Want dit is ongelukkig iets wat ons van tyd tot tyd sien gebeur in geloofsgemeenskappe. Een of ander gewone mens, word gesalf tot hoëpriester en dan word hy/sy aanbid en bo enige kritiek gestel. Maar om dit te doen is om die diepste wese van die kerk nie uit te leef nie. Om te diepste te veraai wie ons is. Ons is christene omdat ons navolgers van Jesus Christus die Seun van die lewende God is.

5. Slot

Ons kan afsluit deur te fokus op die feit dat hierdie die tweede sondags afdeling is, in 9 wat oor die persoon van Ons Here Jesus Christus handel. En met reg sien ons hierdie klem wat die kategismus op die tweede persoon van die drie-eenheid plaas. Want per slot van sake verwys ons altyd na die troos karakter van die kategismus. En die diepste troos vir die Gelowige lê in die feit dat hy/sy nie meer verlore is nie, maar gered is in die liefde van die Vader. ’n Liefde wat alle grense oorskry.

Daarom is dit ook uiteindelik die enigste vaste fondament waarop die kerk gebou kan word. Dit is die rots waarop die kerk staan. En hierdie rots is so stewig dat die magtige ryk van die bose dit nooit sal oorwin nie. Dit is ’n bekende stelling wat ons gereeld sien en miskien ook sê. Maar besef ons werklik die diepte hiervan. Ook in die donker tye wat ons vandag beleef.

Kom ons gaan leef vandag weer opnuut as kerk hierdie belydenis uit. Dat maak nie saak hoe die storm rondom ons woed nie. Die ware kerk van die Here sal veilig bly staan op die rots. Dit sal nog vir generasies na ons hier wees, totdat ons die wonderlike dag van die wederkoms beleef. “U is die Christus, die Seun van die lewende God” is soveel meer as net ’n belydenis. Dit is waarlik die rots waarop die kerk gebou is.

Amen